Musica Dei

Musica Dei is ’n bediening wat hom beywer vir die verkondiging van die Woord en die bevordering van klassieke musiek: ons noem onsself sommer '*musicionaries*' .
Ons bestaan uit 'n gemeenskapsorkes - ***Klassieke Klanke*** -
en 'n uitreikkoor - ***Canticum Novum***.
Waar die orkes mense geleentheid bied om bietjie hulle liefde vir instrumentale musiek uit te leef en die gemeenskap te 'treat' met gratis konserte. Die koor funksioneer amper meer soos ’n uitreik selgroep – ons oefen saam, sing saam, bid saam, deel mekaar se vreugdes en teleurstellings – en saam dra ons die Boodskap van hoop, troos en vreugde aan gemeenskappe in die Kaapprovinsie uit met naweek toere en daguitstappies. Musiek voed jou hart en word deel van jou lewe. Dit verbind ons met ander en herinner ons telkens aan God se liefde en genade. Wanneer ons by kerke, aftreeoorde, kinderhuise of tronke optree, ervaar mens hoe hierdie musiek ander bemoedig en vertroos.
Klomp trane word gestort.
Wat wonderlik is, is dat dit nie net vir ’n paar uitgesoekte mense is nie. Jonk en oud, onervare of gesoute musici – hier vind elkeen ’n tuiste, omdat ons liefde vir God en musiek ons saambind.

As jy ook lief is vir sing, of bloot deel wil wees van ’n groep waar jy familie en vriendskappe kan ervaar, nooi ek jou om saam met my en ons koor te kom sing. Hier kry jy die kans om met jou Godgegewe talente as instrument in God se hande, ander aan te raak.

Yolanda Botha by yolabotha@gmail.com